SEPTEMBER 2010

KIERIEKLAPPER NUUSBRIEF

Gesvestig Junie 2008

Die demonstrasie tydens die vergadering in September gaan oor die kremetart styl. Willem Steyn sal die aanbieding doen.

Dit is weer Boomplantweek

Boomplantweek (Arbor Week) het sy ontstaan in 1872 in Amerika in die staat Nebraska. Mnr Morton 'n groot boomliefhebber het die dag geïnisieer. Die eerste boomplantdag in Suid-Afrika was in 1983. Die regering het in 1999 die eerste week in September elke jaar as boomplantweek verklaar. Daar is elke jaar twee "bome van die jaar". Die een is 'n algemene boom en die ander 'n skaars boom/bome.

Die algemene boom van die jaar vir 2010 is die Acacia xanthophloea (Koorsboom), en die skaars bome is Rothmanie capensis (Kaapse katjiepiering), Rothmania globosa (Klokkies-Katjiepiering) en Cladostemon kirkii (Tonga-kierie) .

Inheemse bome geskik as bonsai materiaal

Hierdie lys sal in alfabetiese volgorde in die nuusbriewe verskyn.

A
Acacia Caffra (Gewone haakdoring)
Acacia erubescens (Blouhaak)
Acacia galpinii (Apiesdoring)
Acacia gerrardii (Rooidoring)
Acacia karroo (Soetdoring)
Acacia mellifera (Swarthaak)
Acacia nigrenscens (Knoppiesdoring)
Acacia nilotica (Lekkerruikpeul)
Acacia robusta (Enkeldoring)

Albizia adianthifilia (Platkroon)
Androstachys jonsonii (Lebombo-ysterhout)

B
B.galpinii. (Trots van die Kaap)
B. natalensis.
B. Petersiana. (Koffie-beesklou)
B. Tomentopsa. (Kameelspoor/Camel's foot)

Berchemia (2 species)
B. discolor. (Voëlpruim/Bruin Ivoor)
B.zeyheri (Rooi Ivoor)

Bolosanthus speciosus (Van Wykshout)

Buddleja species
B. glomerata (Karoosalie)
B. loricata (Bergsalie)
B. saligna (Witolienhout/ Vals olienhout)

Lede word genooi om deel te neem aan die Kierieklapper navorsing onder die bekwame leiding van Tricia Fourie. Indien jul belangstel om deel te wees van hierdie interessante projek, kontak gerus vir Tricia by 0836937116.

Op 4 September gaan ons bome (potensai: potensiële bonsai) in die natuur uitgrawe. Tensy anders gereël kom ons om 06:30 die oggend bymekaar by Kirschstraat 16 vanwaar ons sal vertrek. Toegangsfooi tot die plaas is R15 per persoon.
Die plaas is ongeveer 'n driekwart uur se ry vanaf Boksburg.
Kontak asseblief vir Mack by 0828202486 indien jul wil deel in die pret.

SABA NUUS

Die algemene jaarlikse vergadering en mini-konferensie vn SABA (Suid-Afrikaanse Bonsai Assosiasie) vind plaas in Bloemfontein van 12 tot 14 November vanjaar. Meer ionligting sal later beskikbaar gestel word.

Besoekers welkom!

Vergaderings vind elke tweede Saterdag van'n maand plaas te 16 Kirschsstraat, Parkrand om 14h00.